

Saterdag 15 Junie

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 10:1-12

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 10:2

In die wolk en in die see gedoop – lesse uit die geskiedenis

Elke keer wanneer jy 'n getuie is van die doop, bevestig dit dat God met jou 'n verbond gesluit het. Dit verseker jou van God se daaglikse betrokkenheid in jou lewe. Die vraag is hoe jy God se betrokkenheid in die praktyk raaksien.

Paulus verduidelik dit hier deur die geskiedenis van Israel te gebruik om jou te help om dit reg te verstaan. Hy skets gebeure hoe God sy kinders in die swaarste tye gered, bewaar en versorg het. Selfs die woestyn, die see en die magtigste volke kon hulle nie stuit nie. Hulle was almal in die wolk gedoop. Niemand wat onder die wolk van die verbond gebly het, is deur die son gebrand nie. In die doop plaas God jou as't ware onder die volk van die verbond. Hierdie wolk het ook rigting gebied vir die trekpad. Jy volg net die koelte.

Verder is Israel ook in die see gedoop. Hier word verwys na die geskiedenis van Israel se tog deur die Rooisee. God het hulle gered deur hulle die menslik onmoontlike te laat doen. Al wat hulle self moes doen, was om te loop waar God oopgemaak het. Hy het hulle simbolies deur die dood, die water gelei om droogvoets anderkant uit te kom. Die doop dra daardie selfde simboliek.

Wolk en see – Gees en water. Dis wat die doop ons leer. Dit wys die geskiedenis van Israel ook. Dit is wat Jesus in Johannes 3:5 aan Nikodemus verduidelik wanneer Hy hom oor die wedergeboorte leer. So loop die pad na die ewige lewe deur die Rooisee met 'n wolk bo jou. God se Gees wat jou bewaar, jou na die ewige lewe lei deur die pad vir jou oop te maak. Dit is wat jou doop vir jou wys.

Sing: Psalm 74-1:15

Ds. CB Swanepoel (Christo) (Lyttelton)